**30 Maart**
**Skrifgedeelte: Psalm 16**
**Fokusgedeelte: Psalm 16:5**

**Niks ontbreek my nie**

Die eerste verrassende ontdekking waartoe Dawid kom in sy nadenke oor sy lewe is: Ek behoort aan die Here! Die tweede verrassende ontdekking vind ons in vers 5: "Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang, kom alles van U af.”
Wat Dawid eintlik hier ontdek, is dat hy nie werk om te lewe nie, maar lewe om te werk. Sy kos kom nie op sy tafel deur eie inspanning en arbeid nie. Hy ontvang alles uit die hand van die Here. Hy hoef hom oor niks te bekommer nie en daarom kan hy voluit vir die Here lewe. Hy bely daarom: "Here, U is my lewe ..." Glo jy van harte dat die Here vir jou sorg? Baie van ons glo ons moet werk om te lewe, ons moet self vir ons sorg. Die lewe kry egter eers werklik sin en betekenis as ek net vir die Here lewe. As ek besef alles kom van Hom af, word my lewe 'n fees. God sorg vir jou om Christus wil. Aan die kruis het Hy jou ewige honger en kommer weggeneem toe Hy jou skuld en sonde ten volle betaal het. Jy behoort aan Hom, lewe dan ook vir Hom. Niks sal jou hier ooit ontbreek nie.
*Sing: Psalm 9:7 Ds EJ Smit (Emeritus)*